Leef NOU LEEFGROEPE

waar jy ook al is wanneer jy daar is

GOD SE ASEM TUSSEN BLADSYE

SIKLUS 1

Week 2

God se asem tussen bladsye

- Week 1: Wanneer God fluister
- **Week 2: Om God te Google**
- Week 3: Asem in. Asem uit
- Week 4: Hoe om te boer in die Bybel
- Week 5: Spieëltjie, spieëltjie in my hand
- Week 6: Kweek die regte aptyt

WEEK 2

- Om God te Google -

7-13 Februarie 2021

MENS TOT MENS

- Beantwoord die volgende vrae:
  - Gesels met mekaar oor waar jy van God se teenwoordigheid die week bewus geraak het?
  - Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?
  - Vertel vir mekaar van 'n baie spesiale teksgedeelte in die Bybel. Dalk kan jy n storie deel oor wat die teksgedeelte al vir jou beteken het.

MENS TOT GOD

Steek ‘n kers aan as simbool van God se teenwoordigheid

Luister na ‘n geestelike lied en word stil in die Here se teenwoordigheid

GOD TOT MENS

1. Kyk na die tweede video van die reeks: https://www.youtube.com/watch?v=Tf7lXHGzd-U&t=5s

2. **Lees saam Psalm 119:1-9, 97-105**

   - Gesels met mekaar oor wat in die tekste julle opval?
   - Wat dink jy beteken dit in die praktyk om te "wandel in die Woord van die Here?"
   - Waarom lees jy die Bybel? Vertel vir mekaar oor watter rol die Bybel speel in jou geloofslewe/stiltetyd.
   - Gesels met mekaar oor die volgende stelling: "*Die meeste mense lees die Bybel om inligting te kry (vir informasie) eerder as wat hulle die Bybel lees sodat hulle lewens daardeur verander kan word (transformasie).*"
   - Die Psalmdigter praat in liefdestaal oor die Woord van God. Hoe kan ons mekaar help om 'n dieper liefde vir God se Woord te kweek? Watter gewoontes kan ons dalk aanleer om meer tyd in God se Woord te spandeer?

- Psalm 119 gee riglyne vir jong gelowiges. Hoe kan ons die riglyne in ons eie lewens toepas? Hoe kan ons ons kinders help om ‘n liefde vir God se Woord te kweek?
- Wat dink julle bedoel die Psalmdigter met Ps. 119:105 *“U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”* Vertel ‘n verhaal waar dit in jou lewe van toepassing was.
- Sommige gelowiges kritiseer of kraak soms ander af deur die Bybel daarvoor te gebruik. Hoe dink julle kan ons dit aanspreek? Waarom dink julle doen mense dit?
- Gesels oor maniere waarop ons God se Woord kan gebruik om ander te bemoedig en te versterk. Dink aan ‘n moontlike person vir wie julle so kan help.

MENS TOT MEDEMENS

leef***GEWOONTES***

is om ons daarin te oefen om bewus van God te leef

Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep ’n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe.

- Hoe kan julle as leef***GROEP*** mekaar help om gestruktureerd deur die Bybel te lees?

Onthou-teks

Leer die week Ps 119:105

(2020 Direkte vertaling - https://biblesa.co.za/)

""U Woord is die lamp wat my die weg wys,
die lig op my pad."

Dink dinge

1. Kies ’n Psalm en skryf die Psalm oor in jou eie woorde. Lees elke dag die Psalm om jou te herinner aan God se Woord
2. Reflekteer oor die hoogte- en laagtepunte van die dag. Hoe nooi die Here jou om te bid oor die hoogte- en laagtepunte voordat jy aan die slap raak?
3. Steek ’n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid. Plaas jou hand op jou hart en vra die Heilige Gees om daardie oomblik van die dag waarvoor jy die dankbaarste is vir jou uit te wys. Sê dan vir die Here dankie daarvoor.

Doen dinge

- Maak vir julle Bybelvers kaartjies (koringkorrels) wat jy oral in die huis kan opsit om mekaar te herinner aan God se goedheid.
- Vra vir elkeen in die huis om sy/haar gunsteling verse neer te skryf en plak die verse op.
- Julle kan dit ook in n bak gooi en gee vir elkeen n geleentheid deur die dag om n vers te trek en dit vir mekaar te lees of vir mekaar te gee as bemoediging vir die dag.

VOORBIDDING

- Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. **Dank God daarvoor.**
- Spreek julle versugting in gebed uit om volkome onder die beheer van die Heilige Gees te lewe.
- Dank die Here vir Sy Woord in ons lewens.

Om te lees hierdie week

BYBELROOSTER

DAG	OU TESTAMENT	NUWE TESTAMENT
1	Rigters 7:7-15	Romeine 8:31-39
2	Rut 1:14-19	1 Korintiërs 13:1-13
3	1 Samuel 16:11-13	2 Korintiërs 5:16-21
4	1 Konings 3:4-9	Galasiërs 5:22-26
5	2 Kronieke 6:1-11	Efesiërs 6:10-17
6	Esra 7:7-10	